

**Skriflesing:** Luk 18:1-8

**Tema:** Volhard in gebed

Ons kan gebed vergelyk met 'n graaf. Met 'n graaf spit ons onkruid uit, dolf die tuin om en plant sodat daar nuwe lewe kom. So skoffel ons met die krag van gebed die onkruid van sonde uit ons lewens en bewerk die Here nuwe groei.

Maar die prentjie wat ek sien wanneer ons die gedeelte lees is die kajuit van 'n stoomtrein. Geloof is die vuur wat in ons lewens brand. Genade, vergifnis en liefde is God se kole wat die vuur aan die brand hou. Gebed is die skopgraaf waarmee God se kole by die vuur uitkom.

Ons gelese gedeelte, Lukas 18:1-8, is die voorsetting van Jesus se onderrig oor die eindtyd wat al in hoofstuk 17 begin het. Die gedeelte sluit af met die vraag in vers 8: "Maar sal die Seun van die mens by Sy koms nog geloof op die aarde vind?"

Hoe bring ons gebed, waaroor die gelykenis handel, en die laaste vers oor geloof bymekaar? Hierdie twee dinge is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Gelowiges bid. En gebed hou my geloof aan die brand.

Sal ons in geloof kan volhard tot die einde toe?

As dissipels van die Here is ons elke dag in 'n stryd om radikale, selfopofferende, lewende geloof in Christus te handhaaf. Ons geloof word bedreig deur vervolging. Soos die weduwee word ons reg aangetas. Die wegbly van die wederkoms kan maak dat ons moedeloos word. Die Bybel waarsku ons dat in hierdie tyd vals profete baie mense sal verlei en die iefde by baie sal verkoel. Sondige versoekings kom oor ons pad. Maar ook die elke dag se bedreiging van oorvol dagprogramme kan ons geloofsvlam uitdoof. Hoe kan ons seker wees dat ons nie hierdie wêreld meer liefkry as vir Christus nie? Hoe kan ons seker maak dat wanneer Christus weer kom, Hy geloof en liefde by ons sal vind?

Jesus vertel 'n gelykenis om die antwoord te gee. In Lukas 18:1 lees ons: "Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word." Jesus se antwoord op die vraag hoe 'n mens tot die einde toe kan volhard is: "Hou aan met bid sonder om moedeloos te word."

In die gelykenis verteenwoordig die weduwee vir ons as kerk. Sy is swak en arm en het geen man wat namens haar kan praat nie. Sy het geen status of reg nie. Sy is uitgelewer en magteloos. Sy het nie geld om iemand om te koop nie. Sy is broos en weerloos. Haar enigste bron van hulp is die regter. Ons enigste bron van hulp is God.

Die regter het geen eerbied vir God en geen agting vir 'n mens nie, maar dit bring nie die weduwee van stryk nie. Sy hou aan met vra. 'n Tyd lank wou hy nie help nie, maar later het hy vir homself gesê: 'Vir God het ek wel geen eerbied nie en aan 'n mens steur ek my nie, maar aangesien hierdie weduwee so aanhou om my lastig te val, sal ek haar in haar regspraak help, anders kom klap sy my op die ou end ook nog.

Die weduwee het herhaaldelik gevra. Jesus roep ons op om nie moedeloos te word nie. Ons moet dag en nag na die Here roep. Ons moet volhard in gebed selfs en veral as dit lyk of daar geen uitkoms is nie. Ja, ons mag meer as een maal oor 'n saak bid. Jesus het in die tuin van Getsemane 3 maal dieselfde woorde gebid. Paulus het 3 maal gebid dat die Here die doring uit sy vlees moet wegneem. (2 Kor 12)

Maar ons sekerheid van gebedsverhoring lê nie in volhardende gebed nie, maar in God.

Dalk dink jy iewers, diep in jou hart, dat God 'n bietjie soos die hardvotige regter in die gelykenis is. Hy gee nie sommer in nie. Hy moet eers aangepor word voordat Hy antwoord. Ons moet Sy arm draai en Hom so tot oorgawe dwing.

Jy probeer dalk God oorreed met lang en aanhoudende gebede. Of jy dink dat jy Hom só moet irriteer met jou aanhoudende gekerm dat Hy maar later ingee. Dalk is Hy so besig met ander sake dat jy hard en lank moet kla voordat jy Sy aandag kry. Dit is nie hoe God is nie!

God is meer gereed om te hoor as wat ons is om met Hom te praat. Hy luister met gespitse ore na ons gebede. God is meer gewillig om te gee as wat ons is om te vra. Sy hart is sag vir jou; jy hoef nie Sy hart sag te bid nie.

God is glad nie soos die onregverdige regter nie. Hier kan ons eerder van 'n ongelykenis as 'n gelykenis praat. Die regter het geen eerbied vir God en geen agting vir 'n mens nie. As hierdie onregverdige regter hom aan die arm weduwee steur, hoeveel te meer sal die regverdige God Hom nie aan Sy mense steur nie. Hy wil almal help wat na Hom roep.

Hy is liefdevol, genadig en getrou en wil omgee en sorg. Ons lees van Hom in Lukas 18 vers 7-8a "Wat sal God dan nie alles doen vir Sy kinders wat Hy persoonlik uitgekies het om in Hom te glo nie? Hy luister na almal wat dag en nag tot Hom bid. Hy sal uitkoms gee. En gou ook! Hou maar net aan om te bid." (die Boodskap)

En daarby is ons nie soos die weduwee 'n vreemdeling vir die regter nie. God ken ons. Hy het ons gekies om Sy kinders te wees. God help ons wat dag en nag na Hom roep. Hy sal aan ons laat reg geskied.

Jesus roep vir ons as Sy kerk in hierdie gelykenis op. "Hou aan met bid sonder om moedeloos te word." Roep dag en nag tot God. Is dit waar van jou? Is dit waar van ons as kerk?

Indien ons as kerk gelowige kerk van die Here wil wees, moet ons bly bid! Sonder geloof hou gebed op en sonder gebed hou geloof op.

Hou aan met bid, skep die kole van God se liefde en genade sonder om moedeloos te raak. Dan sal die Here by Sy koms nog geloof op aarde vind.

**Amen**